

27 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 17:11-19

Fokusgedeelte: Lukas 17:15, 16

Hoe prominent is die woordjie “dankie” in jou lewe?

Die kwistige gebruik van die woordjies “asseblief” en “dankie” tipeer die lewe van ’n fyn, beskaafde mens. In Lukas 17 toon die Here egter aan ons dat “dankie” selfs belangriker is as “asseblief”. Om die waarheid te sê: tussen “asseblief” en “dankie” gaan twee wêrelde uiteen!

Op die grens tussen Galilea en Samaria is daar tien melaatse mans wat “asseblief” kom vra. Al tien is in groot liggaamlike nood en hulle pleit by Jesus om hulle te genees. Al tien ontvang genesing terwyl hulle op pad is om hulle aan die priesters te gaan vertoon. Uiteindelik is daar egter slegs één – ’n Samaritaan! – wat omdraai om te kom “dankie” sê. Vir die nege wat nie omgedraai het nie, word dit ’n tragedie. Deur die genesing van hulle liggame het Jesus die deur na die werklike rykdom van sy Koninkryk vir al tien mans wyd oopgehou. Hy nooi hulle as ’t ware om die ewigheid saam met Hom te kom geniet. Maar helaas: vir die nege is die uur belangriker as die ewigheid!

Daarteenoor is die genesing van sy liggaam vir die tiende man maar net die begin van sy seëninge. Omdat sy eie liggaamlike genesing nie vir hom die finale doel is nie, draai hy om om dankie te sê en aan God die eer te gee. Daarom ontvang hy ’n genadeloon wat veel groter is as dié van die nege. Terwyl hy dít met hulle in gemeen het dat hy – soos hulle – van sy melaatsheid bevry is, weerklink ook nog hierdie geseënde woorde in sy ore: “Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered.” Deur sy persoonlike band met die Messiaanse Lewegewer het hy ’n ewig-lewende geword!

Maak seker dat “dankie” die belangrikste woord in jou omgang met God en jou naaste is!

Sing: Psalm 146:6 (Totius)

Ds. CJJ Putter (Potgietersrus)